

“DIE BLINKKLIPPIE”

WEEKLIKSE NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK POSTMASBURG

(Jaargang 20 - nr. 12.)



"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."

Johannes 1:14

12 Januarie 2020

HARTLIK WELKOM!

Dit is waarlik 'n voorreg om weer vanoggend as gemeente saam die Here te kan dien.

EREDIENS VANOGGEND: Dr Petrus Venter

Voorsang:

Ps. 66 : 2, 4

Ontmoetingsdiens:

Votum en seën

Sing: Ps. 45: 9, 10, 12

Belydenis van geloof

Verootmoediging- en versoeningsdiens:

Wet

Sing: Ps.9: 5, 7, 12

Gebed

Woorddiens:

Sing: Ps. 119: 7, 11, 42

Skriflesing: Jakobus 1:1-18

Teks: Jakobus 1:12

Preektema:

Wees bly wanneer beproewinge oor julle kom.

Antwoorddiens:

Liefdesdiens kollekte: In die banke- DVB

By die deure- Dankbaarheidsfonds

Sing: Sb. 15-3 (39): 3, 4

Wegstuurseën

Preekskets:

Wanneer ons in die eerste dae van 2020 ook die eerste hoofstuk van die Jakobus-brief oopmaak, is daar heelwat dinge wat hier staan wat ons in die jaar mee te doen gaan kry. Die eerste wat ons almal goed ken – Daar sal beproewinge en ook versoekinge op ons pad kom. Hoe kyk ek daarna, hoe gaan ek dit hanteer?!

As ek hierdie beproewinge reg hanteer is daar 'n groot seën, eintlik 'n saligspreking hieroor uitgespreek. Vers 12 sê in die ouer Vertaling – *12 Salig is die man wat versoeking verdra, want as hy die toets deurstaan het, sal hy die kroon van die lewe ontvang wat die Here beloof het aan die wat Hom liefhet.*

Hierdie besondere vers dra drie besondere kenmerke wat vir 2020 groot waarde inhou.

In die eerste plek vra God van ons standvastigheid in alle sake, sekerlik ook wanneer daar beproewinge en versoekinge kom. In die tweede plek – God se belofte is op 'n besondere wyse aan God se liefde verbind. In die laaste plek hoor ons van 'n oorwinningsprys wat daar vir ons sal wees

KOLLEKTES

Vandag: 12 Januarie 2020

In die banke: **Diens van barmhartigheid**

By die deure: **Bybelverspreiding**

Sondag: 19 Januarie 2020

- In die banke: **Diens van barmhartigheid**

By die deure: **Emeritaatsfonds**

WYK - DIENSBEURT

Vandag – 12 Januarie 2020– **Wyk 1**

- **Ouderling:** Br. Leendert Snyman
- **Diaken:** Br. Wikus Snyman
- **Wyksusters:** Sr. Miemie Snyman

Volgende week – 19 Januarie 2020 - **Wyk 2**

- **Ouderling:** Br. Arthur Williams
- **Diaken:** Br. Lourens Pretorius
- **Wyksusters:** Sr. Annelie Williams
-

MEELEWING

- Ons dink in ons gebede aan sr. Marie Fourie wat tans aansterk by die huis na sy geval en haar bekkenbeen gebreek het. Ons dink in besonder aan haar, br. Bertie, sr Koos en familie in sware tyd.
- Ons dink aan sr Annelie Williams wat nog las van haar rug het.
- Br en sr Tjaart en Bettie Snyman wie se gesondheid onderskeidelik met tye vir hulle groot uitdagings veroorsaak is in ons gebede nie vergete nie.
- Ons dink in ons gebede aan br. Johan Viljoen wat aansterk na sy heupvervanging.
- Ons dink in ons gebede aan sr Cecile de Kock wat nog steeds sukkel met die hand se herstel.
- Gelukwense aan sr. Sorica Coetzee met die verlowing.

VERJAARSDAE

Maandag 13 Jan Jngsr. Mari Pretorius

Maandag 20 Jan Br. Wolfie Reinecke, br. Nic v/d Walt

Mag u 'n geseënde nuwe lewensjaar ingaan met die volle oortuiging dat ons tye is in die Here se hande.

GROENWATER-NUUS

Ons bedieningshulp in Groenwater het in die laaste maande weer kon hervat. Daar bly uitdagings maar ons vertrou in dit wat reeds hanteer is en aangespreek kon word, daar wel daarop voortgebou kan word. Dr. Venter sal DV Sondag 19 Jan 2020 weer daarheen gaan.

ALGEMENE KERKNUUS

GKSA NUUSBROKKIES

Gaan laai gerus nuusbrokkies van ons webwerf af. Die jongste beroepenuus en vele meer is daarop

beskikbaar soos weekliks aan ons deurgestuur. U kan dit van ons webwerf aflaai by: <http://bit.ly/2SxThy0>

BEROEPE AANVAAR: Prop R Boersema na GK Vryburg

Prop D Meijer na GK Bloenburg

BEROEPE BEDANK: Prop D Meijer na GK Daspoort

DANKOFFERS

U kan die Bybelse beginsels en dit wat 'n prinsipiële uiteensetting van die opdrag tot 'n dankbaarheidslewe en dit wat ons dankoffers moet wees, van ons webwerf aflaai. U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2D0uRqf>

Laat ons asseblief met die nodige erns wat ons voor die Here hiermee moet werk dan wel hieraan aandag gee. Al is ons in bitter swaar tye met 'n droogte ongekend en ekonomiese werklikhede so negatief as kan kom moet ons dankbaarheid voor die Here altyd eerste staan.

KATEGESE

Al die werk en ons roosters is op ons webwerf onder katkisasie gelaai. U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2KhypYe>

Katkisasie-opening vind DV Sondag 19 Januarie 2020 plaas

Laerskool-klasse vind Sondae na die ereediens by die kerk plaas.

Die Voor-belydenisklas vind Sondae 'n kwartier na die ereediens ook by die kerk plaas.

Ons Belydenisklas en ook volwasse kategese klasse begin Maandag 20 Jan 2020. Reëlings met die groepe sal steeds deur WhatsApp via ons kerkgroep deurgegee word..

KERKKANTOOR

Ons is opsoek na ou koerante by die kerkkantoor.

Kalenders is beskikbaar. Daar het 'n drukkersduiwel ingesluip by Maart 2020 met week nrs. en wyk nrs. Ons vra dat dit maar so gehanteer sal word soos gedruk.

DORKAS- SUSTERS

Huis Jan Vorster-mandjie – Toiletware vir ons inwoners in HJV kan in die groen mandjie voor in die portaal geplaas word. Hulle ondervind die laaste tyd veral 'n tekort aan **doeke, Prep en aqueous room**. Die inwoners het ook hulle hartlike dank uitgespreek vir dit wat alreeds geskenk is.

BYBELSTUDIE

Ons begin ook weer op Maandag 20 Jan 2020 met die jaar se Bybelstudies ...

Bybelstudie Maandag 20 Jan 2020 19h00 Aandgroep

Bybelstudie Dinsdag 21 Jan 2020 10h00: Oggendgroep

Ons gaan voort met die reeks rondom die gebede uit God se Woord.

DOPPER KOMBUIS

Kom kuier gesellig saam in ons tee-drink lokaal na die ereediens.

GEMEENTEKAMP

Merk die datum: 3 tot 5 April 2020

ALMANAK 2020

Die Almanakke wat reeds afgehaal is kan by die kantoor betaal word. Baie dankie

CREATION-MINISTRIES BESOEK POSTMASBURG

Op Saterdag-oggend 1 Febr. 2020 hou ons 'n Skepping Seminaar. Pieter le Roux handel o.a. oor die vraag: *Waar kom die verskillende rasse vandaan?* Hy praat ook oor *Dinosaurusse en die Bybel*, wat ook insluit: *Genesis: Fondasie van die Evangelie ...* Hou asb. die Saterdag-oggend oop wat lyk 'n besondere geleentheid te wees.

KALENDER (JAARBEPANNING) IN ELEKTRONIESE FORMAAT

As u graag u dagboek in elektroniese formaat op u selfoon wil plaas kan u op ons webwerf die toepassing en beplanning aflaai wat dit deur *Microsoft Outlook* vir u moontlik maak. Die inligting is gestoor op die Tuisblad onder die lêertjie pmg_calendar.ics

15 Jan	Skool begin
26 Jan	KR Toerusting
1 Feb	Creation-Ministries seminaar
16 Feb	Vorbereiding
19 Feb	KR Vergadering
23 Feb	Nagmaal
28 Feb	Steak-ete (Alle Wyke)

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT

In Januarie en Februarie wil die predikant graag op wyk 6 konsentreer met huisbesoeke. Hy sal u kontak om afsprake vas te maak. As enigiemand uit van die ander wyke wel behoefte het dat hy vroeër by u moet uitkom, moet asseblief nie aarsel om hom te kontak nie.

ETIESE SAKE

Daar is 'n nuwe afdeling op ons webwerf bygevoeg met die bedoeling dat ons as gelowiges toegerus mag word om oor hierdie sake weer grondig na te dink en om onself daarvoor te verantwoord. Dit sluit in ou sake maar wat nuut oor gedink moet word. Onder andere ons beskouing oor ons huwelikslewe en gesinslewe. Dit gaan ook oor saamwoon vóór die huwelik. Ook word oor kremasie (verassing) besin ... U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2Q0Ccw1>

KERKRAADSAKE

VERGADERINGS:

Volgende kerkraadsvergadering vind DV 19 Feb. 2020 plaas.

KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Postmasburg
Posbus 74 Postmasburg
E-pos: admin@gksa-postmasburg.co.za
Tel: 053 313 3710
Landlyn Pastorie: Tel: 053 313 0571
Kerkkantoor ure: Maandae tot Vrydae 09h00 - 13h00

Predikant	Dr. Petrus Venter	084 704 2348	ds@gksa-postmasburg.co.za
Skriba	Oudl. Albertus Viljoen	082 808 4168	skriba@gksa-postmasburg.co.za
Admin Beampte	Sr. Koos Fick	082 821 2736	admin@gksa-postmasburg.co.za
Voorsitter: Diakonie	Diak.Dawie Schoeman	082 782 2537	dawie@xmedia.co.za
Koster			
Orrelis			
Kassiere	Oudl. Lukas Potgieter	079 695 0555	lukaskathu@gmail.com

Ons gemeente se webwerf en facebook-blad is soos volg:

<http://www.gkpostmasburg.weebly.com>

<http://bit.ly/2Ydk7wK>

STATISTIEKE VORIGE SONDAG

Erediens bywoning	32
Bydrae: Bediening na Buite	R 454.00
Bydrae: Diens van Barmhartigheid	R 855.20

GEREFORMEERDE KERK BANKBESONDERHEDE – ALLE REKENINGE BY ABSA

Rekening	Rekeningnommer
Alle bydraes (Dankoffers)	2130-3400-35
Diakonie	2130-28-0008
Dorkas-susters	407-382-6782
Kermisinbetalings	90-9779-4784
Steak-ete inbetalings	91-4771-8016

Berigte vir Blinkklippie moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na admin@gksa-postmasburg.co.za